



BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Vrydag, 22 Februarie 1935. WINDHOEK Friday, 22nd February, 1935. No. 599

INHOUD.

CONTENTS.

| | <i>Bladsy.</i> | | <i>Page.</i> |
|---|----------------|--|--------------|
| Proklamasie — | | Proclamation — | |
| No. 2. Munisipale Wysigingsproklamasie 1935 | 9288 | No. 2. Municipal Amendment Proclamation, 1935 | 9288 |
| Goewermentskennisgewings — | | Government Notices — | |
| No. 30. Wysiging van Brandsiekteregulasies | 9288 | No. 30. Amendment of Scab Regulations | 9288 |
| No. 31. Verpligtende Dip van Kleinvee — Suidwes-Afrika | 9289 | No. 31. Compulsory Dipping of Small Stock — South West Africa | 9289 |

PROKLAMASIE

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 2 van 1935.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet betreffende Munisipaliteite te wysig;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekend maak as volg:—

1. Artikel *negen-en-dertig* van "De Municipale Proklamasie 1920" (Proklamasie No. 22 van 1920), soos gewysig by artikel 89 van "De Municipale Wijzigingsproklamasie 1922" (Proklamasie No. 1 van 1922), word hierby verder gewysig deur die toevoeging van die volgende nuwe subartikel as subartikel (2), waardeur die teenswoordige artikel subartikel (1) word:—

"(2) Dit is wettig vir 'n Munisipale Raad om of binne of buite die Munisipaliteit vaste eiendom te koop, om te ruil, te verwerf of te huur vir enige munisipale doel; met dien verstande dat —

- (a) geen sodanige koop, ruil, verwerwing of huur sonder die goedkeuring van die Administrateur, wat vooraf verkry moet word, teweeg gebring mag word nie;
- (b) die Administrateur, indien hy dit goed vind, kan verlang, dat genoemde koop, ruil, ooreenkoms of huur op 'n vergadering van die geregistreerde kiesers, wat na behoorlike kennisgewing van die doel van sodanige vergadering gehou word, goedgekeur moet word alvorens hy dit goedkeur.

2. Hierdie Proklamasie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Munisipale Wysigingsproklamasie 1935 en dit word veronderstel dat hierdie Proklamasie vanaf die eerste dag van Julie 1920 in werking was.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 8ste dag van Februarie 1935.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

PROCLAMATION

By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 2 of 1935.]

WHEREAS it is expedient to amend the law relating to Municipalities;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. Section *thirty-nine* of the Municipal Proclamation, 1920 (Proclamation No. 22 of 1920), as amended by section 89 of the Municipal Amendment Proclamation, 1922 (Proclamation No. 1 of 1922), is hereby further amended by the addition of the following new sub-section as sub-section (2), the present section becoming sub-section (1):—

"(2) It shall be lawful for a Municipal Council, either within or without the Municipality to purchase, exchange, acquire or lease immovable property for any Municipal purpose; Provided —

- (a) that no such purchase, exchange, acquisition or lease shall be effected without the sanction of the Administrator first had and obtained;
- (b) that the Administrator may, if he think fit, before sanctioning the said purchase, exchange, agreement or lease require the same to have been approved at a meeting of the registered voters held after due notice of the object of such meeting."

2. This Proclamation may be cited for all purposes as the Municipal Amendment Proclamation, 1935, and shall be deemed to have been in force as from the first day of July, 1920.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 8th day of February, 1935.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek,

No. 30.]

[20 Februarie 1935.

WYSIGING VAN BRANDSIEKTEREGULASIES.

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge en kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie-en-twintig* van die Veessiektes-Proklamasie 1920 (Proklamasie No. 28 van 1920), die Brandsiekteregulasies as volg te wysig:—

1. Regulasie No. 2 van die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 50 van 1920, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 133 van 1921 en Goewermentskennisgewing No. 174 van 1925 word hierby verder gewysig deur skraping van die definisie van "goedgekeurde dip" en die vervanging daarvan deur die volgende nuwe definisie:—

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Secretary for South West Africa.

Office of the Administrator,
Windhoek,

No. 30.]

[20th February, 1935.

AMENDMENT OF THE SCAB REGULATIONS.

The Administrator has, under and by virtue of the powers in him vested by section *twenty-three* of the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation No. 28 of 1920), been pleased to amend the Scab Regulations as follows:—

1. Regulation No. 2 of the Schedule to Government Notice No. 50 of 1920, as amended by Government Notice No. 133 of 1921 and Government Notice No. 174 of 1925 is hereby further amended by deleting the definition of "approved dip" and substituting therefor the following new definition:

“Goedgekeurde dip” beteken:

- (a) selfgemaakte kalk-swawel toeberei volgens aanbeveling van die departement en handels-kalkswawel of soda-swawel-konsentrate verkoop volgens bepalinge sodat wanneer dit verdun is vir gebruik die tenksterkte gelyk is aan nie minder as 1.5 percent “swawel sulfied”.

Die volgende geregistreerde dippe val binne hierdie klas:—

“Capex Sulphur-lime Sheep Dip (Reg. No. 24/c/25), Kynoch & McDougall’s Lime-sulphur Dip (Reg. No. 115), Little’s Concentrated Sulphur Dip (Reg. No. 106), Volks Lime en Sulphur Dip”.

- (b) Arseen-swawel-dippe waarvan elkeen deur die Administrasie goedgekeur is. Hierdie sluit in “Cooper’s Double Dipping Powder”.

2. Regulasie No. 9 van die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 50 van 1920 word hierby gewysig deur die toevoeging daartoe van die volgende nuwe paragraaf:—

“(4) Indien om enige rede hoegenaamd skape ingevolge hierdie regulasies gedip moet word en die eienaar van die skape, wanneer hy deur die inspekteur of die gemagtigde beampte versoek word om dit te doen, weier of ingebreke bly om die nodige dipmateriaal te verskaf en/of hulp vir die dip van sodanige skape, dan is dit vir die inspekteur of gemagtigde beampte wettig om die dip van sodanige skape persoonlik te onderneem en vir hierdie doel die benodigde dipmateriaal te koop en sodanige hulp te huur wat nodig is. Alle redelike uitgawes waarin hy in verband met sodanige dip verval het en by die uitvoer van sodanige regulasies is deur die eienaar terugbetaalbaar aan die Administrasie en is verhaalbaar as ’n skuld betaalbaar aan die Administrasie.”

“Approved dip” shall mean —

- (a) Home-made lime-sulphur prepared according to recommendation of the department, and commercial lime-sulphur or soda-sulphur concentrates sold under directions such that when diluted for use the tank strength corresponds to not less than 1.5 per cent “sulphide sulphur”.

The following registered dips fall within this class:—

“Capex Sulphur-lime Sheep Dip (Reg. No. 24/c/25), Kynoch & McDougall’s Lime-sulphur Dip (Reg. No. 115), Little’s Concentrated Sulphur Dip (Reg. No. 106), Volks Lime and Sulphur Dip.

- (b) Arsenic sulphur dips individually approved by the Administration. These include “Cooper’s Double Dipping Powder.”

2. Regulation No. 9 of the Schedule to Government Notice No. 50 of 1920, is hereby amended by the addition thereto of the following new paragraph:—

“(4) If, for any cause whatsoever, sheep are required to be dipped under these regulations, and the owner of the sheep on being required thereto by the inspector or authorized officer, shall refuse or fail to supply the necessary dipping material and/or assistance for the dipping of such sheep, it shall be lawful for the inspector or authorized officer personally to undertake the dipping of such sheep, and for this purpose to purchase the required dipping material and hire such assistance as may be required. All expenses reasonably incurred by him in connection with such dipping and in the carrying out of such regulations shall be repayable by the owner to the Administration and shall be recoverable as a debt due to the Administration.”

No. 31.]

[20 Februarie 1935.

VERPLIGTENDE DIP VAN KLEINVEE:
SUIDWES-AFRIKA.

Ingevolge en kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sestien* van die Veetiese Proklamasie 1920 (Proklamasie No. 28 van 1920) het die Administrateur die volgende bepaal:—

1. Elke eienaar van skape of bokke in die gebied bepaal in die hieraangehegte Bylae moet sodanige diere tweemaal in ’n goedgekeurde dip laat dip en hulle minstens twee minute in die dip laat bly. Die tweede dip moet in elke geval plaasvind binne nie minder as agt of meer as tien dae na die datum van die eerste dip.

2. Voormelde dip moet op 1 April 1935 begin en op 31 Mei 1935 voltooi wees en elke kudde moet gedurende hierdie tydperk gedip word onder toesig van ’n skaapinspekteur of soos andersins bepaal op sodanige tye wat deur die skaapinspekteur wat die dip kontroleer, vasgestel word.

3. In die distrik Maltahohe mag die skaapinspekteur die eienaar van kleinvee wat sedert 1 Januarie 1934 vry was van brandsiekte skriftelik vrystel van die bepaling van hierdie Regulasie. In die ander distrikte, wat in die Bylae hiervan vermeld word, mag geen sodanige vrystelling gemaak word nie.

4. Die bepalinge van subartikels (b) en (c) van artikel 10 van Goewermentskennisgewing No. 50 van 1920 moet streng toegepas word.

5. Elke eienaar van skape of bokke moet die nodige fasiliteite vir die dip van alle kleinvee op die plaas wat deur hom bewoon word, gereed hou soos deur Regulasies bepaal.

BYLAE.

| | |
|-----------------------|-----------|
| Warmbad Distrik: | Die hele. |
| Luderitz Distrik: | ” ” |
| Bethanie Distrik: | ” ” |
| Keetmanshoop Distrik: | ” ” |
| Aroab Distrik: | ” ” |
| Maltahohe Distrik: | ” ” |
| Rehoboth Distrik: | ” ” |
| Gibeon Distrik: | ” ” |
| Windhoek Distrik: | ” ” |
| Gobabis Distrik: | ” ” |

No. 31.]

[20th February, 1935.

COMPULSORY DIPPING OF SMALL STOCK:
SOUTH WEST AFRICA.

Under and by virtue of the powers in him vested by section *sixteen* of the Diseases of Stock Proclamation, 1920 (Proclamation No. 28 of 1920), the Administrator has ordered as follows:—

1. Every owner of sheep or goats in the area defined in the Schedule attached hereto shall cause such stock to be dipped twice in an approved dip, keeping them immersed in the dip for not less than two minutes. The second dipping shall in every case take place within not less than eight or more than ten days after the date of the first dipping.

2. The aforesaid dipping shall commence on the 1st April, 1935, and be completed on the 31st May, 1935, and each flock shall be dipped during this period, under the supervision of a Sheep Inspector or as otherwise directed, at such times as may be fixed by the Sheep Inspector who controls the dipping.

3. In the district of Maltahohe the Sheep Inspector may by writing under his hand exempt the owner of small stock, which have been free from scab since the 1st of January, 1934, from the provision of this Regulation. In the other districts listed in the Schedule hereto no such exemption shall be made.

4. The provisions of sub-sections (b) and (c) of section 10 of Government Notice 50 of 1920 shall be strictly applied.

5. Every owner of sheep or goats must have in readiness, as is required by Regulations, the necessary facilities for dipping all small stock on the farm occupied by him.

SCHEDULE.

| | |
|------------------------|------------|
| Warmbad District: | The whole. |
| Luderitz District: | ” ” |
| Bethanie District: | ” ” |
| Keetmanshoop District: | ” ” |
| Aroab District: | ” ” |
| Maltahohe District: | ” ” |
| Rehoboth District: | ” ” |
| Gibeon District: | ” ” |
| Windhoek District: | ” ” |
| Gobabis District: | ” ” |